# 28 Maart 2024 - Lesing 272 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Die laaste katastrofe – 11/3/62

**NO: 8122** God se Stem sal deurdring en die mense laat ontwaak wat sorgeloos slaap, terwyl hulle tog in die grootste gevaar verkeer.

Die wat hulle laat wek en Sy Stem herken, vir hulle sal daar ook 'n lig skyn, wat hulle uit die donker nag sal wegvoer. Maar wie nie ag slaan op Sy Stem nie, **hulle lot is vas beslis vir ewige tye.**

Maar Hy wat julle almal geskape het, sal julle ook nie sonder waarskuwing laat, wanneer die geweld oor die aarde losbreek nie, want dit is voorsien in die heilsplan van God sedert ewigheid. Steeds waarsku en vermaan Hy die mense, **deurdat Hy hulle aanspreek op baie verskillende maniere**. En wie ag slaan op Sy **sagte Stem,** wanneer dit in hom klink, sal die komende gebeure ook nie bevrees maak nie, wanneer Hy met **donderstem** sal spreek tot almal wat tot nou toe hulle ore gesluit het vir Sy Woorde van Liefde en Barmhartigheid.

En Hy sal tot hulle spreek **deur die kragte van die natuur.** En niemand sal die Stem nie hoor nie, want die mense sal aan gevaar blootgestel wees. En sodra hulle vrees vir hul lewens, bestaan ook die moontlikheid dat hulle hul gedagtes sal draai na Hom Wie almagtig is, **Wie hulle as God en Skepper sal erken.** En as hulle tot Hom roep, sal hulle dan ook gered wees vir tyd en ewigheid.

Maar wie dan nog **verstok** bly, sal die verskriklike lot van die **hernieude kluistering** nie gespaar bly nie. En daar sal nie meer veel tyd verbygaan, voordat julle mense almal geruk sal word deur die tyding van **'n onafwendbare katastrofe nie.** En julle sal versteen staan van skrik, weens die onheil wat talle mense getref het. Maar dit is vooraf vir julle gesê vanaf die begin van hierdie periode op aarde, want dit is in die heilsplan van God voorsien sedert ewigheid.

Maar die mense beskou nie 'n natuurgebeurtenis van so 'n omvang as moontlik nie. En daar word vir hulle wat dit sal oorleef, 'n heel duidelike bewys gegee dat 'n hoër Mag werksaam is, dat al die aardse verganklik is en dat die mense aan die Mag oorgelewer is, as hy homself nie met Haar in verbinding stel en homself oorgee aan sy God en Skepper en Hom om erbarming smeek nie.

Want Hy wil Homself maar net aan die mense openbaar, deurdat Hy hulle so duidelik aanspreek, dat hulle Sy stem moet verneem. En as Hy steeds weer daarop wys, dan wil Hy maar net daarmee bereik **dat julle vooraf die band met Hom sal aanknoop,** om dan stand te hou en ook Sy beskerming te ondervind, wanneer die ontsettende dag sal aanbreek.

**Maar aan Sy aankondigings deur sieners en profete word geen geloof geskenk nie**.

En al word die mense ook steeds weer in kleine omvang deur goddelike ingryping oorval, raak dit steeds net die wat daardeur getref word, **maar die ander bly onverskillig, sodra die eerste ontsteltenis verby is.**

En geestelike voordeel is nie dikwels te behaal nie. Maar al diegene wat God Self tot hulle laat praat, **wat aan Sy Woord geloof skenk** en wat daarom aan Syne behoort, sal steeds weer die tyding ontvang dat die geweldige natuurgebeure nie meer lank op hom sal laat wag nie. Hulle sal krag put uit Sy Woord, want hulle sal die Woord nodig hê **om stand te hou en om troos en opheldering te gee aan hul medemens**, wie in die grootste liggaamlike en geestelike nood sal verkeer.

En Hy sal luister na elke gebed wat tot Hom deurdring. En Hy sal aan almal krag en hulp verleen, wie hulle God en Skepper sal aanroep in hul hoogste nood. En al moet hulle ook hul aardse lewe verloor, **hulle het dan die band met God gevind** en hoef nou nie meer die lot te vrees van hulle, wat heeltemal sonder enige geloof is en nog aan hom behoort wie hulle in die verderf wil stort.

Aan alle mense sal nog die geleentheid gegee word om hul God en Skepper te herken. En elke afsonderlike mens beslis self oor sy lot. En ook die mees verskriklike gebeure kan vir die mens die weg wys na Hom, uit Wie se Krag hy eens voortgekom het. En dan was dit vir hom tot seën, ook al word daar tallose mense weggeruk. Hulle kan die ryk hierna binnegaan **met 'n sweempie insig in hul hart,** as hulle uiteindelik tog hul God en Skepper herken en erken het, wanneer hulle Hom aanroep in die hoogste nood, Wie Homself dan ook aan hulle sal openbaar.

Glo dit, mense, dat julle die gebeure tegemoet gaan, wat onverwags oor julle gaan losbreek en wat so 'n **duidelike stem van bo sal wees**, dat almal, wat maar van goeie wil sal wees, Hom sal moet herken.

**En elkeen sal dit hoor**, want dit sal geweldig wees as nog 'n laaste waarskuwende stem. Want kort daarna breek die einde aan, soos dit verkondig is. Amein.